



deur N. H. THEUNISSEN

IN hierdie artikel gaan ek aan met die oorlogsliedere van die ou Republieke. 'n Eertydse bekende lied wat vandag egter baie min gesing word, is „De Wet.” Ek gee twee van die versies (musiek in Mansvelt, Joan van Niekerk en die F.A.K.-bundel). Die oorsprong is onbekend.

DE WET.

Wie is die dapper generaal, De Wet?  
Wie stry so dapper in Transvaal? De Wet!

Wie is dit wat die trotse Brit  
So telkens op sy hiele sit?  
De Wet! De Wet! De Wet! De Wet!  
De Wet! De Wet! De Wet!

Wie kom, wie gaan gelyk 'n gees? De Wet,  
De Wet.

Wie is deur Tommy meer gevrees,  
Wie is sowel by dag as nag  
Op plekke waar mens hom nie verwag?

De Wet! De Wet! De Wet! De Wet!  
De Wet! De Wet! De Wet!

En nou die bekendste van al ons oorlogsliedere: „Sarie Marais” (of Maree). Dit is seker dat die eerste versie altans onder die Boere-krygsgevangenes ontstaan het en dat die ander later van tyd tot tyd bygevoeg is (vers 4 byvoorbeeld, gedurende die Rebelle). Dit is ook bekend dat die musiek gegrond is op die wysie van die Amerikaanse „Ellie Rhee.” Die oorspronklike singer, wie hy ook al was, het egter die musiek só verander dat dit amper 'n verbetering is op „Ellie Rhee.” Die volgende is 'n vertaling van „Ellie Rhee” en kan op die oorspronklike wysie, wat in die „Scottish Students Song Book” te vinde is, gesing word:

LENIE LOUW

My Lenie Louw, waar is jy nou?  
Jy's weg vir altyd meer,  
Ons tuis was in die ou Transvaal  
Voor d' oorlog het begin.  
O bring my terug na die ou Transvaal  
Daar waar ek weer wil wees.  
Daar in die geel, geel koringland,  
By my liefling, Lenie Louw.

Vergelyk nou die maat en ritme met dié van Sarie Marais:

My Sarie Marais is so ver van my hart  
Maar ek hoop om haar weer te sien  
Sy het in die wyk van die Mooirivier gewoon,  
Nog voor die oorlog het begin.

REFREIN:

O bring my terug na die ou Transvaal,  
Daar waar my Sarie woon,  
Daar onder by die mielies en die geel koringland  
Daar woon my Sarie Marais.

Altyd was ek bang dat die Kakies my sou vang,

En ver oor die see water stuur,  
Toe vlug ek na die kant, van die Uppington se sand

Daar onder langs die Groot rivier.  
KOOR: O Bring my terug . . .

Verlossing het gekom en die huistoe gaan was daar,

Terug na die ou Transvaal.  
Haar lieflike persoon sal seker ook daar wees,

Om my met 'n kus te beloon.  
KOOR: O Bring my terug . . .

Die Kakies is mos nes die Krokodellipes,

Hul sleep jou altyd (ses) water toe.  
Hul smyt jou op 'n skip vir 'n lange, lange trip,

Die duivel weet waarnatoe.  
KOOR: O Bring my terug . . .

Die leser moet oplet dat verskillertjies bestaan in die woorde soos dit van plek tot plek gesing word, bv. in die voorlaaste lyn van die refrein sing baie „geel doringboom” of „groen doringboom,” omdat dit beter met „woon” rym.

'n Oulike oorlogslied was die „Kat Kom Terug.” Op humoristiese wyse sinspeel die onbekende opsteller op die kanniedoodgees van die Boerekommando's. Nou sweer die Engelse dat hulle vir De Wet of Hertzog of Beyers, of wie dit ook al mag wees, heeltemal plat geloop het en more val hy hulle onverwags aan en takel hulle lelik toe.

DIE KAT KOM TERUG.

Ou Kietsner het 'n kat,  
Wat die ou nie wou verlaat.  
Hy het alles geprobeer  
Om die kat daar weg te keer  
Selfs na die predikant gegaan  
Om raad van hom te kry  
Die ou predikant het hom probeer besweer—

KOOR:

Maar die kat kom terug.  
Want hy wou nie langer wag;  
Die kat kom terug net die volgende dag.  
Die kat kom terug.  
O glo my dit is waar,  
Die anderdag more was die kat weer daar.

Hulle sit hom op 'n skip,  
En stuur hom na Ceylon,  
Die skip was gelaai  
Oor die elfduisend ton,  
Naby die land,  
Daar het die skip gestrand.  
Al die matrose het verdrink—  
KOOR: Maar die kat . . .

Hul sit hom in 'n „Balloon,”  
Jan Boel neem dit aan  
Die katjie te gaan gee  
Vir die man in die maan.  
Die „Balloon” het gebars  
Met 'n geweldige skoot,

Tien myl van die plek lê ou Boelie morsdood—

KOOR: Maar die kat . . .

Die Engelsman sweer blou,  
Hy sal die kat doodskiet,  
Hy laai toe sy ou sanna  
Met kruut en dinamiet;  
Hy lê die kat toe voor,  
Die pad wat hy moet gaan.  
Die anderdag more was daar veltjies en beentjies—

KOOR: Maar die kat . . .

(Vervolg op bladsy 45)

## MOEILIKE TYE

(Vervolg van vorige bladsy)

harde hart tog mag vermurwe. (*Maritz af om Potgieter te gaan ontmoet*).

RETIEF: Ek vrees dit is al te laat. Potgieter se kop het nog altyd Delagoa-baai-toe gestaan en van 'n Engelsman wil hy op die aarde niks hoor nie. (*Potgieter en Maritz op*.)

POTGIETER (*nadat hulle gegroet het*): Ek het net kom groet. My trek is al op pad terug oor die Drakensberge.

MARITZ: Neef Hendrik, komdt. De Lange het so juis rapport ingebring dat die Baai vir ons ooplê. Die laaste Engelse het die plek ontruim. Dis mos die antwoord op ons lang swerftog — ons eie hawe. Dis nou nog net die Zoeloemag wat oorbly. Jy weet mos, neef Hendrik, hoe ons die Matabeles afgeja het in die Marico-vallei en hulle tot oorkant die Limpopo verwilder het. Ons kan dit mos nou weer doen. Daar was ons net 'n handjievol.

POTGIETER: Daar rus 'n vloek op hierdie land van skaduwees. My siel voel hier nie tuis nie. Hier is te baie klowe en kranse. te veel skaduwees en spelonke. Dis of verraad hier broei onder die skaduwees van die Drakensberge. My hart dwing terug na die hooglande waar mens ver kan sien en vry kan asemhaal.

MARITZ: Maar niks verhinder jou om later na die oop hooglande anderkant die Quatlamba te trek nie. Ons het jou hulp nou hier so nodig, neef Hendrik. Dis tog jou eie bloed wat roep.

POTGIETER: As julle destyds na my geluister het, sou julle nooit in hierdie veyloekte land getrek het nie. Dis nie vir Dingaan wat ek bevrees is nie. Dis iets anders, wat mens nie kan beskryf nie. Gert, ek sê jou julle mors verniet hier tyd en bloed: julle sal nie hier bly nie.

MARITZ: Hoekom nie? (*Potgieter trek sy skouers op*).

DE LANGE (*vinnig*): Hoekom het jy by Italení gevlug en Uys en sy mense aan hul lot oorgelaat?

POTGIETER: Dit is geen teken van dapperheid om jou lewe en dié van ander roekeloos te waag nie. Toe ek met my vyf-en-twintig man die regterflank van die kop storm, kon ek mos die hinderlaag sien. Dit was roekeloosheid en gebrek aan krygsmansbeleid wat Uys en sy mense in die val gelok het. Met sulke beleid hou ek my nie op nie. Daarom veg ek waar die vlaktes oop is en jy verraad van ver af kan sien.

MARITZ: Ek glo nie daar is iemand wat jou van lafhartigheit kan beskuldig nie. Jy is en bly vir ons die held van Mosega; maar daar is baie wat nie sal kan verstaan waarom jy ons juis nou aan ons bittere lot oorlaat nie. Jy het honderd-en-sestig weerbare en betroubare manne onder jou. Ons het hulle nodig, neef Hendrik. En, soos ek gesê het, die pad na die Baai lê oop voor.

POTGIETER: Ek sê vir julle hier nadruklik dat die Engelse vir julle nie met rus sal laat nie. Sodra julle hier veilig gevestig is, sal Engeland

sy voelarm weer uitstrek om jul bloed te kom uitsuig. Om hier verder te ly, is nutteloos. My trek lê noordwaarts. Dis die roepstem wat in my siel weerklink. Noordwaarts! (*Potgieter staan op asof hy klaar gepraat het*.) Tot weersiens, vriende. (*Hulle groet in stilte. Potgieter en Maritz saam af*.)

DE LANGE (*heftig*): Dis dié soort mense wat ons verraaiers en papbroeke noem.

RETIEF: Stadig, stadig, Hans. Eerw. SMIT: Hoe lank sal broeder Potgieter nog die versene teen die prikkels slaan! Hy is voorwaar in sy denke en sy doen soos 'n oud-testamentiese leier. (*Maritz op en gaan vermoed op sy stoel sit*.)

RETIEF: Wat makeer, neef Gert? MARITZ: Nee, ek weet nie, oom Francois. Ek voel in die laaste tyd maar net 'n halwe mens. En nou dat hierdie saak van Potgieter so afge-loop het, is dit net of . . . ek weet nie.

Eerw. SMIT: Drink hierdie bietjie water, swaer Gerrit.

MARITZ: Dankie, dankie. (*Drink*.)

DE LANGE: Wat gaan ons nou doen? Ons sal 'n plan moet maak om iets te doen. Die laers is een en al verwarring. Die mense is kapabel en volg Potgieter streep-streep terug oor die Drakensberge. Ek sterwe liever voordat ek dit doen.

MARITZ: O, God, gee my krag! Die bloed van ons Trek het hier gevloei, hier moet my beendere rus. Ek bly in die land van die skaduwees . . .

RETIEF: Burgers, ons moet so gou moontlik die mense organiseer en laer-trek en intussen 'n patroulle na die ou Kolonie stuur om hulp te vra.

MARITZ: Wie sal ons vandaar kom help, as diegene wat saam met ons gely het, weier?

RETIEF: Ek het lankal oor die saak gedink en net een persoon se naam het in my kop bly maal — die naam van Andries Pretorius. Hy is 'n man met 'n sterk persoonlikheid en 'n skoon inbors. Ons moet hom vra om ons te kom help. Hy sal kom.

MARITZ: Dan moet ons ons beleid aan die mense duidelik maak. Ons moet hulle kalmere en besig hou om 'n sterk laer te trek. Ondertussen stuur ons 'n paar vrywilligers na die ou Kolonie. Ons sal hier moet vashou, en met Gods hulp sal ons dit ook doen.

DE LANGE: Ons sal, Kommandant. Ons hoop is flou maar nog nie dood nie. My verkenners sal die laer se verkyker wees en ons sal vir proviand sêre.

MARITZ: Gee ook bevel dat geen laer opgebreek mag word nie alvorens spioene eers gerapporteer het dat alles veilig is. Ons moet saam met die waens trek. Handperde kan desnoods agtergelaat word, maar waens nie. Waens is ons enigste vesting en beskerming. En bo alles, vriende, moenie dat die mense van my ongesteldheid hoor nie.

RETIEF: Ons sal sorg, neef Gert. SKERM.

## ONS VOLKSLIEDERE

(Vervolg van bladsy '9)

*Om sy nek bind hul 'n klip  
En smyt hom in die rivier,  
Sit 'n Tommy daarby  
Dat die katjie nie kan pier,  
Nog die grootste grap  
Van Kietsner se kat,  
Tommy het versuip, hul<sup>ke</sup> soek hom  
in die spruit—*

KOOR: Maar dit kat . . .

*Die kat sit op die stoep,  
Hy eet 'n stukkie kaas,  
Daar kom 'n Skotsman aan,  
Hy maak 'n groot geraas.  
Die katjie kyk verwonder,  
Hy veeg hom met sy poot,  
Die Skot speel „Britannia,” die kat  
skrik hom dood.*

KOOR: Maar dit kat . . .

Dit is 'n kenmerk van die egte volkslied dat weens die eenvoud van die woorde — want die volkslied ontstaan uit die volksmond — daar altyd nuwe versies bygedig en geïmproviseer kan word. So'n volkslied is bv. dié oorlogsliedjie: „Wie het Jou die Naam Gegee.” Vandag bestaan daar 'n groot aantal bykomende versies maar hoeveel nou juis in die oorlog ontstaan het, is onmoontlik om te sê. Die eerste paar versies het bepaald gedurende die oorlog ontstaan.

WIE HET JOU DIE NAAM GEGEE.

*Wie het jou die naam gegee,  
Van Generaal Buller (driemaal)  
Van Generaal Buller, Generaal Buller,  
Generaal Buller?*

KOOR:

*We're marching to Pretoria,  
Pretoria, Pretoria,  
We're marching to Pretoria,  
Pretoria rules the way*

*Die eenkant op en die anderkant af  
En daar lê die ding, O alla  
Daar lê die ding, O alla!  
Daar lê die ding.*

en so nog baie ander versies, ad lib.

*„My matras en jou kombes,” ens.  
„Donker kamer sonder kers,” ens.  
„Trouwanel sonder 'n broek,” ens.  
„Die vaalhaar vent en die rooihaar  
noot,  
Die sing nie eners nie,” ens., ens.*

Toe die oorlog verby was, het „Blikoor” die volgende weemoedige lied geskrywe. Die musiek wat te vinde is in die drie reeds vermelde bundels, is deur Cesar Malan.

GEDENK.

*Nog tril ons hart van duidelose  
smarte,  
Nog groei geen grassie op die heil'ge  
plek,  
Waar grond en klip die bleek gebeen-  
te dek,  
Van wie die liefste was in onse harte.*

*Nog klink die weegeklag aan onse  
voete,  
Die roep op dood deur hongerdood en  
dwang,  
Nog hou die angs ons krimpand hart-  
gevang,  
Met die bange vraag: sal ons hul  
weer ontmoete?*

*Nog gril die wêreld, en die nasies  
bewe,  
By die verhaal van al die wrede leed—  
En reeds is daar wat roep: ons moet  
vergeet!  
Dis als verby—nou kom 'n nuwe lewe.*

*Hoe kan ons? Nooit kan ons die  
swaar vergeet nie,  
Die kale grafte roep: onthou, onthou!  
Gedenk die lydmg van jou kind en  
vrou,  
Wat God allên, geen sterflik mens  
kan meet nie.*

In die F.A.K.-bundel kom nog ander mooi oorlogsliedere voor. Hulle is natuurlik lank ná ons oorlog gedig en vertaal, maar hulle kan altyd op Gedenkdae gebruik word. Onder hulle is: „Slaap Rustig Dapper Helde”; (Jandrell—De Villiers), bls. 194. „Tot Jy Kom” (R. J. Eysen), bls. 195. „Tuiskoms van die Banneling” (Eitelma—Kedel), bls. 196. „Burgers Ontwaak vir Volk en Vaderland” (Visser—De L'Isle), bls. 12. „Die Strydsang” (Tolsma—Willhelm), bls. 19. „Gebet Gedurende Die Slag” (Celliers—Himmel), bls. 19.

Ek wens graag mev. L. F. Nel, van Middelburg, K.P., en ander vriende te bedank vir die woorde van die Voortrekkerlied: „Die Trekkers Hadden Jarenlang” — wat hulle ingestuur het.

„Kyk, kinders,” sê die onderwyseres, „ek wil hê julle moet so stilstoel dat julle 'n speld kan hoor val.”

Gehoorzaam sit die hele klas 'n minuut lank stil, maar eindelijk kan klein Jannie dit nie langer uithou nie en opgewonde roep hy uit: „Nou, laat val dit dan, Juffrou!”

\* \*

Moeder: „Bettie, daar was drie stukkie koek in die kas, hoekom is daar nou net twee?”

Bettie: „O, Moeder, ek het net een stukkie gesien, die kas was so donker.”

\* \* \*

'n Onderwyser verduidelik natuurkennis die die klas en vra: „Wat is lugweerruimte, Jan?”

Jan dink 'n bietjie maar kon geen antwoord kry nie, en sê toe: „Ek het dit in my kop.”

„Heeltemal reg,” antwoord die onderwyser, „dit is niks nie.”

ANTWOORD VAN RAAISELPRENT op bladsy 19.

*Die paadjie in 'n man se hare.*

## MOTORISTE !

Verlang u sterkere ligte vir u Amerikaanse motorkarre?

Ons nuwe 8-volt „Oldham” battery (in Engeland gemaak en gedurende drie jaar hard getoets) is spesiaal groter en sterker gemaak om beter aanslaan en helderder ligte te verskaf — dit pas in die standaard klou van 9duim by 7 duim en dit is 9duim hoog, die gewone 6-volt dienamo sal hom altoos op volle krag hou.

BESTEL EEN VANDAG NOG, U SAL VERBAAS WEES OOR DIE ALGEMENE VERBETERING

Skryf aan:

**HAAK'S GARAGES, BPK.**

Posbus 769 of Foon 1824, PRETORIA

Noem asseblief die naam van hierdie blad wanneer u skrywe.

## S.A. MOORDSAKE

(Vervolg van bladsy 42)

wesiges in die Hooggeregshof al by voorbaat gewete het dat Smit nie die hoogste tol vir die moord sal betaal nie. Genl. Smuts het bewyse gelewer dat Smit aan vallende siekte ly; dat feitlik al sy familieleden slagoffers van dié gevreesde siekte is en dat sy kliënt in sekere omstandighede nie vir sy dade verantwoordelik gehou kan word nie. Smit het onder die waan verkeer dat hy deur

Davis vervolg word. Weeber self het onder kruisverhoor van adv. Smuts erken dat hy Smit altyd beskou het as 'n swakkeling en dat hy dikwels die indruk gekry het dat Smit nie weet wat hy doen nie.

Anderhalf uur lank het genl. Smuts die jurie toegesprek. Hulle het Smit skuldig bevind maar bygeantwoordelik gehou kan word nie. Voeg dat hy nie vir die moord verantwoordelik gehou kan word nie. Smit het onder die waan verkeer dat hy deur